

23 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 4:10-18
Fokusgedeelte: Kolossense 4:12

Sulke groeteboodskappe is regtig spesiaal

Épafraas stuur groete aan die gemeente in Kolosse. Groete kan so maklik by die een oor in- en die ander uitgaan. Die Heilige Gees het egter seker gemaak dat die gemeente hierdie groeteboodskap in hulle hart bewaar. Wat maak hierdie groete van Épafraas so spesiaal?

Eerstens word hy “een van julle” genoem. Iemand wat uit die gemeente vertrek het en vir ons groete stuur, se groete is spesiaal. Daar is bande gesmee wat blywend is. Hy ervaar dat hy steeds “een met ons” is. Maar Épafraas word ook “n dienskneg van Christus” genoem. Dit beteken hy stuur nie sommer net sy persoonlike groete nie. Hy stuur dit ook as dienaar van Christus. So behoort ons groete aan mekaar ook te *getuig* dat ons mekaar dien in Christus.

Maar wat hierdie groete nog méér spesiaal maak, is die *getuienis* oor Épafraas as betroubare *tussenganger*. Hy was tussenganger tussen mense: hy het vir ander vertel van die gemeente se liefde (1:8) en hulle so rede gegee om God te dank vir die gemeente (1:3 ev.) Maar hy was ook hulle tussenganger by God. Paulus getuig hoe hy gereeld nog vir die gemeente bid. Hy doen dit soos ’n soldaat wat veg vir die behoud van die gemeente. Hy bid gedurig “dat julle staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God” (’83-vertaling)

Wat ’n wonderlike voorreg om groete te ontvang van iemand wat goed praat van jou, een is met jou en as gebedsoldaat vir jou veg. Mag ons tog meer die moed hê om nie net as *medegetuies* van Christus groete vir mekaar te stuur nie, maar *ook oor mekaar te getuig* en *vir mekaar biddend te veg* dat ons staande mag bly, geestelik volwasse en in alles gehoorsaam aan God.

Sing: Psalm 74:5-8 (2001)

Ds. JA Schutte (Sasolburg)